

Skriflesing: 2 Tim 4: 1 – 8

Teksvers: 2 Tim 4: 7 – 8

Tema: Die lewe as 'n wedloop vir die gelowige.

Paulus is 'n gevangene in die tronk in Rome, waar hy wag dat die doodsvonnis oor hom voltrek word, nie omdat hy 'n misdadiger was nie, maar omdat hy 'n volgeling van Christus was en Sy boodskap van verlossing verkondig het. Hy moedig Timoteus aan om hiermee voort te gaan en gryp terug op sy eie lewe met die konklusie dat die lewe van die gelowige 'n wedloop is.

1. Die wedloop self

As 'n atleet aan 'n wedloop deelneem span die persoon hom/haar tot die uiterste toe in. Elke greintjie krag word gebruik om die wedloop so vinnig moontlik af te lê. Die atleet is dan in 'n wedywing met hom/haarself – 'n beter tyd, 'n beste tyd, maar ook met ander atlete – hulle moet geklop word. Kyk 'n mens na die gelowige, dan sien jy dit is, soos die geval ook is met 'n wedloop, inspanning, daaglikse inspanning. Die gelowige is in 'n stryd met die sondige mens in sy/haar eie lewe, maar ook die duiwel. Maar hierdie is die “wedloop” waartoe elke gelowige opgeroep is.

2. Die einde van die wedloop

Die einde van 'n wedloop word vir 'n atleet deur die wenstreep aangedui. Voor daar nie oor die wenstreep gegaan is nie, mag daar nie verslap word nie. Hierdie bereik van die wenstreep vir die gelowige, word deur Paulus as belangrik uitgelig. Hy het die wenstreep bereik deur die krag van Christus, gewerk deur die HG. Hierdie boodskap kom vir ons – daar is 'n einde aan die wedloop. Ons kan die wenstreep bereik deur die krag van Christus. Die duiwel en sy magte sal ons nie kan verhinder nie, as ons ons werklik aan hierdie wedloop toewy en dit as hoogste prioriteit in ons lewe stel nie.

3. Die krag vir die wedloop

Paulus skryf dat hy die wedloop voleindig het. Dit was nie Paulus wat op eie krag die wenstreep bereik het nie – hy het dit gedoen met hulp, met God se hulp. God is die Een wat hom bewaar het. God was sy krag, soos hyself getuig “Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my”. Ons kan ook alleen in die wedloop bly as ons in 'n lewe in Christus volhard. Hy is die Een wat ons tot die einde toe bewaar deur die kragtige werking van Sy Gees.

4. Die gevolg van die wedloop

Wanneer 'n atleet die eerste plek in 'n wedloop behaal het, is daar in die tyd van Paulus aan hom/haar 'n lourierkrans oorhandig. Alleen die atleet wat eerste oor die wenstreep gehardloop het, het hierdie lourierkrans ontvang. Nou 'n saak van groot belang: Paulus sê dat hy nie die enigste is wat die prys, die lourierkrans sal ontvang nie, maar ook ander wat na die koms van Christus uitsien. In die koninkryk van God is almal deur Christus Jesus wenners en ontvang almal die prys vir die eerste plek, die kroon van die ewige lewe.

Wees daarom weer opnuut aangespoor om met hernude ywer in die stryd van die geloof te volhard, want ons kan nie verloor nie, ons is reeds wenners, wenners van die ewige lewe in salige teenwoordigheid van God.